

Vir die pasifiste wat op wêreldvrede hoop het Jesus gesê: **"Moenie dink dat Ek gekom bet om vrede op aarde to bring nie. Ek bet nie gekom em vrede to bring nie, maar die swaard."**

Mattheüs 10:34

Vir die persoon wat glo dat God se bevel in die Ou Testament oor lyfstraf vir moordenaars en militêre selfverdediging vir volke deur die koms van Jesus ongeldig gemaak is, het Jesus gesê: **"Moenie dink dat Ek gekom het em die wet of profete te ontbind nie. Ek het nie gekom om te ontbind nie, maar om te vervul."**

Mattheüs 5:17

Vir diegene wat glo dat Jesus 'n pasifis was, leer die Woord dat: **"Hy oordeel en voer oorlog in geregtigheid... Hy sal hulle met 'n ysterstaf regeer, en Hy trap die parskuip van die wyn van die grimmigheid en die toorn van God, die Almagtige... Die Koning van die konings en die Here van die here."**

Openbaring 19:11,15,16



OORLOG en die CHRISTEN

Daar heers vandag groot meningverskil en baie argumente word gevoer oor die kwessie van militêre diensplig: Is pasifisme die antwoord op geweld, of moet 'n Christen aktief betrokke wees by die militêre verdediging van sy land? **Kan 'n Christen 'n soldaat wees?** Is dit hoegenaamd geoorloof om iemand se lewe te neem? In al hierdie sake van gedrag en geloof is die Woord van God ons bron van gesag, en daarom soek ons die antwoorde op hierdie vrae in die Bybel.


MAAK GOD DOOD?

Ja, die Skepper van alle lewe (Genesis 1; Johannes 1:1-3; Hebreërs 1:3) hou ons lewensasem in Sy hand (Daniel 5:23). God het **in die Vloed** almal op aarde dood gemaak, behalwe Noag en sy familie en die diere. (Genesis 6:5-7; 13; 7:4; 23). God het alle Egiptiese eersgebore seuns laat sterwe as oordeel oor Egipte en om die Israëliete op die nag van Paasfees te bevry. (Eksodus 12:12,29). God het die Egiptiese leër in die **Rooi See** uitgewis. (Eksodus 14:13-31; 15:1-18). Die Here het die aarde laat oopskeur om die Israëliete wat teen Moses gerebelleer het in te sluk. (Numeri 16:20,21; 23-35). God het Ananias en Saffira laat dood neerslaan vir hulle leuens (Handelinge 5:1-11), Herodes as gevolg van sy hoogmoed (Handelinge 12:23), en God gaan voort om "My vier kwaai gerigte, swaard en hongersnood en wilde diere en pes" (Ezekiel 14:21) te gebruik om sondige mense tot bekering te bring.

HET GOD OOI T MENSE BEVEEL OM DOOD TE MAAK?

Ja. **"Hy wat die bloed van 'n mens vergiet, sy bloed sal deur die mens vergiet word."** (Genesis 9:6).

"Hy wat 'n mens slaan dat hy sterwe, moet sekerlik gedood word... as iemand moedswillig teen sy naaste handel om hom met lis dood te maak, moet jy hom van my altaar afwegem, om



DIE CHRISTEN IN OORLOG



Dr. Peter Hammond
Frontline Fellowship
Posbus 74
Newlands 7725
Kaapstad
Suid Afrika
Tel: 021-689 4480
E-mail: admin@frontline.org.za
Web: www.frontline.org.za

te sterwe... hy wat 'n mens steel en hom verkoop... die moet sekerlik gedood word... dan moet jy gee lewe vir lewe" Eksodus 21:12; 14; 16; 23.

"Die towerheks mag jy nie laat lewe nie" Eksodus 22:18.

Valse profete moes ook tereggestel word. (Deuteronomium 13:1-5)

"Maar die profeet wat so vermetel is om 'n woord in My Naam te spreek wat Ek hom nie beveel het om te spreek nie, of wat in die naam van ander gode spreek, die profeet moet sterwe."
Deuteronomium 18:20

Die God wat individue in die sesde gebod beveel het *"Jy mag nie doodslaan nie"* (Eksodus 20:13), het ook die Israelitiese volk as geheel beveel om die Hetiete, Girgasiëte, Ammoniete, Kanaaniëte, Feresiëte, Hewiëte en Jebusiëte uit te wis. *"As... die Here jou God hulle aan jou oorgee, dat jy hulle verslaan, dan moet jy hulle geheel en al met die banvloek tref; jy mag geen verbond met hulle maak en hulle nie genadig wees nie."*
Deuteronomium 7:2

God se bevel aan die individu is: *"Jy mag nie doodslaan nie"*; God se bevel aan die volk was: *"tref hulle geheel en al met die banvloek"*, omdat hulle bese losbandigheid en sonde hulle vyande van God gemaak het. Moord deur 'n individu (uit selfsugtige motiewe soos wraak of gierigheid, ens.) is altyd verbode, maar om as 'n nasie dood te maak (uit selfverdediging of ter wille van die reg, ens.) is 'n bevel.

ONTVANG REGERINGS HULLE GESAG VAN GOD?

Ja, Jesus het beklemtoon dat burgerlike gesag deur God ingestel is toe Hy aan Pilatus gesê het: *"U sou geen mag teen My hê as dit u nie van bo gegee was nie."*
Johannes 19:11

Paulus het geskryf: *"Herinner hulle daaraan om onderdanig te wees aan owerhede en magte, om gehoorsaam te wees, bereid tot elke goeie werk."*
Titus 3:1

"Laat elke mens hom onderwerp aan die magte wat oor hom gestel is want daar is geen mag behalwe van God nie, en die wat daar is, is deur God ingestel, sodat by wat hom teen die mag versit die instelling van God weerstaan en die wat dit weerstaan, sal hulle oordeel ontvang... want hy is 'n dienaar van God, 'n wreker om die een wat kwaad doen te straf. Daarom is dit noodsaaklik om jou to onderwerp, nie alleen ter wille van die straf nie, maar ter wille van die gewete."
Romeine 13:1-5

Dit is belangrik om daarop te let dat Paulus hierdie Skrifgedeelte geskryf het gedurende die bewind van 'n besonder wrede heidense regering (die van Nero), wat selfs die Kerk vervolg het!

Soos Daniël, of Josef, moet Christene waardiglik die Here dien onder enige regeringsvorm waar God hulle geplaas het om te lewe. Josef het die eerste minister van die heidense Egipte geword sonder dat hy enige kompromis gemaak het, en is kragtig gebruik om die Hebreërs van 'n hongerdood te red. Daniël het vreesloos in die heidense howe van Nebukadnesar, Belsasar en Darius getuig van God se almal en soewereiniteit, terwyl hy tot die hoogste regeringsvlakke geklim het.

"... die Allerhoogste (het) almag oor die koningskap van die mens en gee (dit) aan wie Hy wil..."
Daniël 4:17

"Hy sit konings af en stel konings aan."
Daniel 2:21

God het Faraó (Romeine 9:17), Kores (Jesaja 44:28; 45:1-4), en Nebukadnesar (Daniel 2:37, 38) laat optree. Selfs Pilatus het sy posisie en mag ontvang deur die soewereine wil en plan van God (Johannes 19:11).

Jesus het dus geleer: *"Betaal aan die keiser wat die keiser toekom, en aan God wat God*

toekom." Markus 12:17. Dit dui op dubbele verantwoordelikheid. As burgers is ons verplig om die landswette te gehoorsaam, belasting te betaal en ons land te verdedig. As lede van die Kerk moet ons God lief hê met ons hele hart, krag en verstand, Sy geboorte gehoorsaam en eers Sy Koninkryk soek.

Slegs as die staat gehoorsaamheid aan God verbied, kan ons saam met die apostel sê: *"Ons moet aan God meer gehoorsaam wees as aan die mense."* Handeling 5:29. As die staat gebod tot God verbied (Daniël 6:6-13), evangelisasie (Handeling 5:40-42) of ons beveel om afgode te aanbid (Daniel 3:12-18), dan moet ons sê: *"Ons ag dit nie nodig om u hierop 'n antwoord te gee nie"* Daniel 3:16. *"Of dit reg is voor God om julle meer gehoorsaam te wees as God, moet julle selfbeslis"*
Handeling 4:19

KAN 'N CHRISTEN 'N SOLDAAT WEES?

Ja. Groot gedeeltes van die Bybel is deur soldate en vir soldate geskryf. **Josua** was 'n groot man van God en terselfdertyd ook die aanvoerder van die Israelitiese leër in die geveg met die Amalekiëte (Eksodus 17:8-16), en in die verowering van die beloofde land. (Josua).

Koning **Dawid** was 'n "man na die hart van God" en die skrywer van baie Psalms, maar ook 'n groot soldaat (1 Samuel 17:45-47; 18:5,7,17; 2 Samuel 5:17-25; 8:1-14; 10:12; 12:26-29). Gevolglik was Dawid in staat om te se:

"Geloof sy die Here, my rots, wat my hande leer om te veg, my vingers om oorlog te voer — my goedertierenheid en my bergvesting, my skans en my redder, my skild en die Een by wie ek skuil, wat my volk aan my onderwerp."
Psalm 144:1,2

Abraham het van militêre optrede gebruik gemaak om Lot van die vier heidense konings te bevry. (Genesis 14:11-16).

Debora en Barak is deur die Here gelei om Sisera en die Kanaänitiese leërs te oorwin. (Rigters 4:14-15).

Gideon is deur God beveel om die Midianiete te verslaan en Israel van hulle mag te verlos. (Rigters 6:14).

God het aan **Samson** die mag gegee om die Filistyne te verslaan en Israel twintig jaar lank veilig te bewaar. (Rigters 14:19,15:14,15,20; 16:28-30).

Die vier owerstes oor honderd (Romeinse offisiere) wat in die Nuwe Testament genoem word, word almal op een of ander manier geprys (7:9; 23:47; Handeling 10:2; 27:43). Die owerste oor honderd by Kapernaum is geprys vir sy geloof. Cornelius en die Italiaanse regiment van die Romeinse leër het die groot eer gehad om die eerste nie-Jode te wees, wat deur die Heilige Gees gedoop is, om deel te word van die liggaam van Christus.

Die werk en beroep van Soldaat wees kom dwarsdeur die Bybel voor, maar nêrens word aangedui dat dit op sigself oneerbaar of onchristelik is nie. Toe Johannes die Doper deur die bekeerde soldate gevra word wat hulle moet doen, het hy nie gesê hulle moet die weermag verlaat nie. Sy antwoord was net: *"Jul moet niemand geweld aandoen of afpers nie, en wees tevrede met julle betaling."*
Lukas 3:14

Die Christelike lewe word dikwels met baie aanvaarbare en eerbare beroepe vergelyk, soos byvoorbeeld 'n boer, atleet, arbeider, burger, pelgrim of soldaat. (1 Timotheüs 2:3,4; Efesiërs 6:11-17). Baie aspekte van die soldaat se lewe, soos sy self-opoffering, dissipline en loyaliteit word geprys. Jesus het tereg gesê: *"Groter liefde het niemand as dit nie, dat iemand sy lewe vir sy vriende gee."*
Johannes 15:13